


ONDERSTEUN

die vooraanstaande

MANSUITRUSTERS**WELGEMOED & Kie.**

h/v Pretorius- en v. d. Waltstr.

PRETORIA

Die



'n Beperkte getal volledige
stelle van „Die O.B.”,
2de Jaargang, is weer verkrygbaar;
In harde omslag gebind
17/6 per stel
posvry
kontant met bestelling
Bestel by VOORSLAG (Edms.) Bpk.
Posbus 1411, Kaapstad

DERDE JAARGANG.

WOENSDAG, 29 MAART 1944.

No. 19.

Blanke Werkers — Wat is jul Antwoord?

Die stryd wat tans aan die Rand woed oor die viktimisasie, deur hul eie vakunie, van twee blanke werkers in 'n Germistonse klerefabriek, is 'n uitdaging aan alle blanke werkers en hul organisasies in ons land.

In hierdie geval het die Kommuniste, deur middel van die werkers se eie vakunie, die stryd teen die blanke werkers aangedurf t.o.v. twee beginsels, wat albei lewensbelangrik vir die blanke werker in S.A. is.

Eerstens het Solly Sachs en die klerewerksvereniging twee blanke vroue in die pad laat steek, onder die geslote gelede-reëls omdat hulle die regte van die blanke fabriekswerkers genandhaaf het teenoor enersyds die dodelike kommunistiese gelykstellingsbeleid tussen blank en nie-blank en andersyds die kapitalistiese strewende om blanke arbeid met goedkoper nie-blanke arbeid te vervang. Hierdie vroue het die lewenstryd van alle blanke werkers en werkers in Suid-Afrika gestry en gewen.

Tweedens is by geleentheid van Solly Sachs en die Klerewerksvereniging se vergadering in Johannesburg predikante geklap omdat hulle die Kerk, en daarmee die hele volk, vereenselwig het nie alleen met die stryd van die blanke werkers oor Germiston nie, maar ook met die werkers en werkers self. Die optrede van die predikante is simbolies van die verlange by die volk na nasionale sowel as sosiale eenheid en die afsku waarmee hulle die kommunistiese klassestryd bejeen.

Wat is die antwoord van die blanke werkers se Vakunie-organisasies in S.A. aan hierdie kommunistiese uitdaging, en wat is hul reaksie op die hand van vriendskap wat deur die drie Afrikaanse Kerke en deur die Volksbeweging, die Ossewabrandwag, uitgehou word? Elke blanke werker en werker is geregtig om 'n antwoord van sy of haar vakunie op hierdie vrae te kry.

DIE ROL VAN DIE KOMMUNISTE

Die Kommunistiese Party van Suid-Afrika het in al die jare van sy bestaan steeds konsekwent die beleid gevolg om die blanke werkers en hulle organisasies af te sonder van die res van die volk, ten einde hulle met die natuure in een kamp te forseer.

Op aandrang van die Moskouse Komintern het die Kommunistiese Party in S.A. sy hoof-aandag gewy aan die organisering van 'n „swart proletariaat”. Die Party het aanhoudend 'n beleid van gelykstelling tussen blank en nie-blank bepleit. Hulle het die agitatie om die natuure teen die blanke man se gesag op te ruï stelselmatig aangepak en voortdurend vir die natuure die ideaal van 'n Swart Republiek voorgedra.

Gelyktydig met die voering van hierdie propaganda het hulle steeds pogings aangewend om hulle in te gawe in die blanke werkers se vakunies. Deur middel van sistematiese organisasie het hulle hulle lede ingewerk as bestuurslede en sekretarisse van blanke vakunies. Vanuit hierdie strategiese posisies het hulle hulle ondermyningswerk voortgesit, die werkers op kardinale en lewensbelangrike vraagstukke verdeel, en die werkers se organisasies, die vakunies, as negrosisties en kommunisties aan die res van die volk voorgestel.

HUL NEUS ELKE KEER DAARIN

Elke keer, sonder uitsondering, as die arbeiders vir hul belange teen die kapitaliste moes veg, het die kommuniste hul neus in die werkers se stryd kom steek, en sodoende direk in die hande van die kapitaliste gespeel, deur die etiket van „bolsjewistiese agitatie” aan die arbeiders se regmatige eise te

plak. Hierdeur is die werkers al meer en meer van hul natuurlike strydmaats vervreem, nl. die boere op die platteland, wat niks met „bolsjewistiese kafferboeties” te doen wou hê nie. As gevolg van hierdie kommunistiese optrede kon die kapitalistiese hand-langer, genl. Smuts, bv. in 1922 plattelandse boere kry om die mede-Afrikaneers op die Rand te gaan skiet.

Die kommuniste het altyd probeer om die blanke werker te skei van die res van sy volk — nes asof die Afrikaanwerker nie 'n integrale deel van sy volk is nie. Die doel is om die blanke werker te oortuig dat sy heil by sy „klas” lê — sy aan sy met sy natuurlike mede-arbeiders. So probeer die kommuniste altyd die sinnelose en verdeelende „klassehaat” aanwakker, net soos die kapitaliste weer teer op „rassehaat”.

Maar as gevolg van die sterk en dringende nasionalistiese gevoel by die Afrikanerwerker, het die kommuniste gladnie daarin geslaag om by hom klasse-ryandskap teen die res van sy volk op te wek nie. Juis daarom dat hulle, deur wanvoorstellings van die werkers se stryd en die aard van hul organisasies, probeer om die res van die volk van die werkers te vervreem.

ARBEIDERS VERDEEL

As gevolg van hierdie taktiek en optrede het die kommuniste daarin geslaag om die arbeidselede nodeloos te verdeel. In die twintiger jare het die werkers self die stryd teen die kommuniste aangepak en hulle uitgeboender tot in die woestyn. Maar hierdie Moskouse handlangers het eenvoudig hul ondermyningswerk ondergronds voortgesit. Eenheidsoprede deur die blanke werkers is grotendeels as gevolg van hulle ondergraving van die vakunies veridel. Honderde werkers het belangstelling in hul eie arbeids-organisasies verloor en eenvoudig hul heil by politieke partye gaan soek — net om nogeens hopeloos ontnugter te word.

Vandag, miskien as gevolg van die internasionale situasie, steek die kommuniste op skaamtelose wyse sy rooi kop weer uit.

Voordat die blanke werker nie sy arbeidsorganisasies, lokaal, provinsiaal, of uniaal, suiver van hierdie verpestende kommunistiese invloed nie, sal hy nooit sy organisasies ten volle kan benut nie, en sal sy arbeidstryd altyd deur Moskouse politieke agitaties ver-troebel word.

EEN GROOT GESIN

Die Ossewabrandwag verfoei klasse-verskille. Hy glo dat alle Afrikaners lede is van een volk — één groot gesin is, wat op nasionale sowel as op sosiale grondslag georganiseer moet word, sodat die volk nie net politieke vryheid kan geniet nie, maar ook ekonomiese vryheid. Daarom bied die O.B. sy Arbeidslaer aan as die sosiale tuiste vir alle werkers en werkers, en skep hy die geleentheid aan almal wat sy brood in die sweet van sy aanskyn moet verdien, om, onder 'n stelsel van bedryfsvertegenwoordiging, te kom deelneem, as trotse brugers, aan die bestuur van die volk, waartoe hulle organies behoort.

Goudbase en Hoër Lone.

Voigons berigte in die dagbladders het die Kommissie, wat ondersoek ingestel het na die lone van natuure in die Witwatersrandse goudmyne, loonsverhogings aanbeveel, wat, bereken op die grondslag van die huidige aantal natuure-arbeiders in diens by die myne, 'n addisionele jaarlikse uitgawe van £2,642,000 van die goudbase sou verg.

VRIEND VAN DIE GOUDBASE

Veldmaarskalk Smuts het in die parlement bekend gemaak dat die regering besluit het om nie die aanbevelings van die Kommissie in toto te aanvaar nie. Mynnatuure se lone sal wel verhoog word, maar dan net tot 'n jaarlikse bedrag van £1,850,000.

Veldmaarskalk Smuts het verder aangekondig dat die regering, na oorlegging met die Chamber of Mines, besluit het dat die goudmynbedryf nie in staat is om vir hierdie addisionele uitgawe te betaal nie. Gevolglik het die regering besluit om hierdie las self te dra en die geld beskikbaar te stel uit die Goudrealiseringsrekening.

HULPBEHOEWENDE MYNMAG-NATE

In 'n kapitalistiese era, van elkeen vir homself en die duivel vang die agterste een, waar opregte en opofferende vriendskap 'n seldsaamheid is, voel 'n mens regtig dat jy veldm. Smut nie wil kritiseer nie vir hierdie jongste bewys van trou en dienende hulpvaardigheid teenoor sy jarelange vriende, die mynmagnate. Tog, onwillkeurig kom die gedagte by 'n mens op, of die goudbase dan nie maar 'n deeltjie van hul eie tammai winste kon afgestaan het, ten einde uit hul eie sak te betaal vir die loonsverhoging van

BOEREJEUG-LAERTREK OP PLANKFONTEIN

Die Hoofkwartier van die Boerejeug maak bekend dat 'n laer getrek sal word vir die Boerejeug-offisiere van Oos-Kaapland (Gebied B) op die plaas Plankfontein, naby Cradock, eiendom van mnr. Michau, eggenoot van die Gebiedshoofvrou, tussen die datums 19 en 27 April.

Die sukses van die laertrekke op Amajuba en Ceres, en die skitterende werk, wat deur die jeugoffisiere wat die laers bygewoon het, in hul tuisafdelings gedoen word, regverdig ten volle die uitbouing van hierdie besondere vertakking van boerejeug-werk.

Die Amajuba-laer was die inspirasie vir 'n baie geslaagde laer wat 'n paar weke gelede op 'n plaas naby Benoni getrek was vir die Randse jeugafdeling. Die laer het onder bevel gestaan van hfkmdt. Du Toit, die jeughoof-offisier van Suid-Transvaal (Gebied E). Eweeens het die Ceres-laer soveel geestdrif verwek dat hfkmdt. Truter, jeughoof-offisier van Wes-Kaapland (Gebied A) besluit het om gedurende die Paasweek weer 'n laer te trek in die skilderagtige Franschoek vallei, vir die jeugafdelings van die Kaapse Skiereiland en omliggende streke.

Ons is oortuig daarvan dat elke jeugafdeling in Oos-Kaapland minstens een verteenwoordiger in die Plankfonteinse laer sal hê. Ons wil egter ten sterkste aanraai dat elke afdeling so talryk as wat moontlik is, in die laer verteenwoordig sal wees.

Mens moet so 'n laer self bywoon en aan die verrigtinge meedoen om die waarde daarvan enigsins te kan beseef.

hul eie natuure-arbeiders.

Dit word gesê dat die rapport van die Kommissie teen die end van verlede jaar al voltooi was. Waarom met die bekendmaking daarvan so lank gesloer is, en waarom dit nou eers rugbaar geword het, weet niemand nie. Altans nie verseker nie.

IN DIE PEKEL GELE

Dit is egter bekend dat die blanke mynwerkers ook 'n verhoging van lone eis. En hierdie eis van die blanke mynwerkers moet binnekort deur hul vakunies met die Chamber of Mines bespreek word.

As die Chamber of Mines nou gaan aanvoer dat, gelet op die regering se besluit dat die goudmynindustrie nie die koste verbonde aan die loonsverhoging van sy natuure-arbeiders kan dra nie, hoe op aarde kan dit dan vir die industrie moontlik wees om hoër lone aan sy blanke werkers te betaal — ons sê dat as die Chamber of Mines nou so gaan argumenteer, dan sal die blanke mynwerkers darem oulik in die pekel gelê wees.

Maar miskien sal die Chamber of Mines nie so argumenteer nie. Miskien sal hulle vir die blanke werkers sê: Die regering sal vir die loonsverhoging van die natuurele ordok: daarom sal die goudbase self, uit hul eie sak, die hoër lone van die blankes betaal.

Ons moet wag en sien wat gebeur.

Die Laaste Paar Items In Eeufesaandenkings**Bestel Nou !!!****SLEUTELKETTINGS****1/6**

Posgeld 2d.

FAKKELLOOPFENNINGS**2/6, Fgte Silwer 30/-**

Posgeld 4d.

EEUFEESMEDALJES**1/-**

Posgeld 2d.

Ons is volledige
**MANS-, DAMES-, SEUNS-
UITRUSTERS en SNYERS**


Uniewinkel

Kerkstraat 275, PRETORIA.

Takke:
KAAPSTAD, JOHANNESBURG, BENONI,
VEREENIGING.

Waarde
vir geld

Kommando



-sigarette

DE KOCK SE GARAGES

Foon 110 Voortrekkerstraat, MIDDELBURG, Transvaal.
Foon 10 Herefordstraat, GROBLERSDAL, Transvaal.

Eienaar: D. D. DE KOCK
Agente vir Pontiac en G.M. Vragmotors

TOT U DIENS!

V.M.K. AANBEVEEL.

MARKAGENTSAP

VROEË MÔRE-MARK

KAAPSTAD

BETALING GESKIED ONMIDDEL-
LIK, WEEKLIKS, MAANDELIKS
OF SOOS VERLANG.

BESTE HEERSENDE PRYSE.

MINNAAR & VAN SCHOOR

Eienaar: GUSTAV RETIEF.
Telefoon 2-0212.

Sosiale Volksorg

Die uitbouing van die Grootraad van die Ossewabrandwag tot 'n omvattende en verteenwoordigende liggaam duur nog steeds voort.

Soos ons lesers weet is dr. G. Cronje, Hoogleraar in die Sosiologie aan die Universiteit van Pretoria, die jongste aanwas. Generaal Cronje het sitting geneem op die Grootraad as hoof van die afdeling Sosiale Volksorg.

Dit is sy afdeling se taak om deskundige advies te verskaf aan die leiding van die volksbeweging insake hierdie allerbelangrike plig van die volkstaat.

Genl. Cronje handhaaf ook die intiemste kontak met die vrouevertakking van die volksbeweging, en daar word regstreeks tussen sy afdeling en die Gebiedshoofvrou oorleg gepleeg.

Hieronder verskyn 'n paar pertinente gedagtes soos geformuleer deur die Volksorghoof, wat 'n baie mooi aanduiding is van die gees waarin die werk aangepak word.

'N VOLK MOET GERED WORD

Die eerste wat beklemtoon moet word, is dat dit nie maar net bepaalde „mense” of „enkelinge” of selfs „huisgesinne” is wat in ekonomies-maatskaplike nood verkeer nie — dit is 'n deel van die volk wat noodlydend is, wat verwaarloos word en om die rede nie tot hulle reg kan kom nie. Dit is nie 'n aparte „klas” wat gehelp of gered moet word nie — dit is die volk wat homself moet help en homself moet red.

Daar is geen enkele volkslid wat sonder ander volkslede kan bestaan nie. Elke volkslid is aan elke ander volkslid verbonde. In hierdie lotsgemeenskap is die nood van die een dan ook die nood van die ander — die nood van 'n deel van die volk is die nood van die hele volk. Die bestaan en voortbestaan van die volk stel die onverbiddelike vereiste dat die volk as geheel hom besorgd moet maak oor die nood van elke volkslid. As 'n deel van die volk aan die ondergaan is, dan is dit 'n proses van ondergang wat binne die volk aan die gang is en wat dreig om die hele volkslewe te verteer en te vernietig. Hierdie onontwykbare feit lê aan die volk as geheel die verant-

woordelikeheid op om die welstand van sy lede (en by uitstek sy huisgesinne), nie alleen „op die hart te dra” nie, maar doelbewus en aktief te bevorder. Die volk moet m.a.w. vir homself sorg. Dit is die egte volksorg. Dit is die ware betekenis van die slagspreuk: Almal vir elkeen en elkeen vir almal. Die volk staan brandwag vir elke volkslid, elke volkslid staan brandwag vir elke ander volkslid en elke volkslid staan brandwag vir die volk.

Hierdie opvatting en hierdie gees moet die maatskaplike werk besiel maar dan sal dit nie meer blote maatskaplike werk wees nie — dan sal dit sosiale volksorg wees: Gedra en gekenmerk deur die gees van die brandwag!

ARMOEDE KAN UITGEROEI WORD

Die tweede waarop gewys moet word, is dat die maatskaplike werk so dikwels (natuurlik nie altyd nie) die indruk laat dat dit slegs ten doel het om nood en lye te versag.

Die sosiale volksorg stel dit voorop dat armoede en maatskaplike nood nie as iets noodwendig aanvaar word nie. Die volksorg word gedra deur die oortuiging dat armoede en maatskaplike ellende uitgeroei kan word — as die kwaad maar net by die wortel aangepak word en wel met die wete dat halfslagtigheid nog nooit gedoeg het nie. Meer nog: Die sosiale volksorg is die beliggaming van die wil om die kanker van armoede en maatskaplike veragtering uit te roei uit ons volkslewe. Die gees van die brandwag is nie dat dit behoort te gebeur nie maar dat dit moet gebeur.

Dit is dus die wese van die sosiale volksorg dat nie bloot die gevolge van die kwaad bestry moet word nie maar dat die oorsake van die onheil verwyder moet word.

ONS IS EËN VOLK

Die derde waarop gewys moet word, is dat ons minderbevoorregtes nie alleen eenkant (buite die werklike volksverband) geraak het nie maar ook eenkant bly — en dit dikwels ten spyte van welmenende maatskaplike werk.

Hoewel dit nog gladnie so erg is as in daardie Europese lande wat al vir eeue op kapitalistiese lees geskoel is, is dit tog 'n feit dat daar in ons ele volkslewe bepaalde klasseverskille aan die opkom is. Aan die eenkant is daar Afrikaners wat minagtend van die „arm blankes” of „arm klas” praat en wat inderdaad ook op ons minderbevoorregte volkslede neersien. Aan die ander kant is daar verarmde Afrikaners wat onder 'n minderwaardigheidsgevoel gebuk gaan omdat hulle dit weet en ervaar dat hulle betergestelde volkslede hulle minag. Dit beteken dat ons volksverband verbreek word. Vir ons nasie staan daarmee 'n geweldige verswakking voor die deur omdat van ons volkslede onherroepelik verlore kan gaan as daardie volksverband nie herstel word nie. Ons volk is nie getalsterk nie. Ons het elke man en elke vrou en elke kind nodig. Trouens, hulle is aan ons volk toevertrou en daarom moet hy sy verantwoordelikeheid t.o.v. hulle nakom.

As ons oor ons volksenheid begaan wil wees, dan lê hier ons grootste taak, nl. om daardie verbroke volksverband te herstel. Die optrede om die volksverband te herstel moet van die betergesteldes kom. Die minderbevoorregtes sal dit aangryp, want hulle wil graag as volkslede geag wees. Hulle selfrespek het nog nie verlore gegaan nie. Hulle gevoel van eer is nog daar. Wanneer hulle dit ondervind dat hulle deur hulle betergestelde volkslede van waarde geag word, sal hulle gevoel van eiewaarde versterk word, daar sal meer moed en durf by hulle posvat en hulle sal vir ons volk 'n groot bate word.

Die sosiale volksorg wil die volksverband herstel en versterk. Dit wil hê dat alle Afrikaners volkslede in die ware sin van die woord moet wees. Vir elke Afrikaner moet elke ander Afrikaner vlees van sy vlees en bloed van sy bloed wees. Die sosiale volksorg wil maatskaplike saamhorigheidsgevoel en kameraadskap bevorder. Daar moet maatskaplike geregtigheid geskied. Die volksgemeenskap moet vir elke volkslid en elke huisgesin genoegsame geleentheid bied om tot sy reg te kan kom. Die herstelde volksverband moet die stempel van die gesonde familieverband dra.

VERKEERDE OPVATTING

In samehang met die voorafgaande is daar nog 'n vierde saak wat nie uit die oog verloor moet word nie en dit is dat die maatskaplike werk, soos dit vandag opgevat en gedoen word, slegs vir 'n deel van die volksgemeenskap bedoel is. Die huidige maatskaplike werk huldig m.a.w. die standpunt dat slegs 'n deel van die volk hulp nodig het, nl. die armes of minderbevoorregtes of noodlydendes, ens.

Hierdie gangbare opvatting van maatskaplike werk is eintlik nie juis nie. Veral die volgende is in hierdie verband van belang om in gedagte te hou:—

ALMAL HET HULP NODIG

(i) Daar is verskeie grade van „hulpbehoewendheid”. Uit die aard van die saak is die een persoon of gesin meer „hulpbehoewend” as 'n ander, maar in 'n bepaalde sin is almal „hulpbehoewend”. Ons moet ons nou nie blind staar op die gewone betekenis van hulpbehoewendheid nie, nl. dat dit armoede is en daarom 'n behoefte aan stoflike hulp. Ook mense wat geestelike hulp of raad en voorligting nodig het en baat kan vind by hulp wat in hierdie opsig aan hulle verleen word, is hulpbehoewend. Die verwaarloosde huisvrou bv. kan veel baat vind by hulp wat aan haar verleen word of by raad en voorligting wat sy ontvang by die behartiging van haar huislike en moederlike taak maar dit geld ook (hoewel in mindere mate) van die welgestelde en bevoorregte huisvrou — ook sy kan baat vind by voorligting, d.w.s. hulp.

Hierdie onomstootlike feit word in die volksorg toegepas. Die sosiale volksorg is daar vir die hele volk. Dit is die verlening van daardie soort hulp wat nodig is en in die mate waarin in die wyse waarop dit nodig is. Volksorg is die wyse waarop die volk sosiaal vir homself sorg. Die een ontvang hulp van die ander. Elkeen kan van elke ander mens iets leer waardeur sy huislike en maatskaplike lewe op 'n hoër peil gebring kan word. Die welgestelde vrou kan bv. dikwels van die arm vrou baie leer wat oorleg betref.

MAATSKAPLIKE SAMEHORIGHEID

(ii) In samehang met die voorafgaande moet nog verder daarop gewys word dat, omdat die maatskaplike werk net vir die „hulpbehoewendes” bedoel is (d.w.s. net vir sommige), die groot gevaar bestaan dat die maatskaplike werk in die oë van die „betergesteldes” 'n stempel van minderwaardigheid op diegene sal druk onder wie die werk gedoen word. Ook daarom moet dit die standpunt wees dat die maatskaplike werk vir almal moet wees, maar dan sal dit nie maatskaplike werk in die gewone sin wees nie maar wel sosiale volksorg.

Hierdie sosiale volksorg sal die ver naamste weg blyk te wees waarlangs die so broodnodige maatskaplike saamhorigheidsgevoel in ons volkslewe bevorder sal word. Wat sal dit bv. nie beteken as betergestelde en minderbevoorregte vrouens gereeld saamkom en saam dinge doen; en van mekaar leer; en oor hulle gemeenskaplike belange gesels; en saam voorligting ontvang; en saam sing, ens. Dit sal 'n magtige middel wees om die verbroke volksverband te herstel. Dit sal 'n brug slaan tussen volkslede en volkslede, tussen huisgesin en huisgesin. Dit sal die einde wees van snobisme aan die een uiterste en minderwaardigheidsgevoel aan die ander uiterste. Dieselfde sal gebeur wanneer „werkgewer” en „werknemer” saam in die vryetydsbesteding verkeer en wanneer kinders uit welgestelde en arm huisgesinne saam in dieselfde jeugbeweging tot volksdiens opgevoed word.

P. A. WILKEN

MAKELAAR, VENDUAFSLAER
BOEDELBREEDDERAAR

Hoofkantoor: Spoorbondkasgebou,
DE VILLIERSSTRAAT 15, JOHANNESBURG.
(Telefoon: 33-1706 en 33-0138)

Takkantore:

RANDFONTEIN, Hoofstraat 19. Foon 671250.
POTCHEFSTROOM, Kerkstraat 57. Foon 187.

DIREK VAN FABRIEK AAN BOER

Kapkartuile f10, Swaar f13-10-0; Enkel Kart-
tuig f8-15-0; Multituile f15; Donkietuile f7-10-0;
Tooms vir Muile 16/6; Tooms vir Perde 13/6;
Tooms vir Donkies 6/6; Ligte Haltere 6/-;
Swaar 9/6; Saals kompleet f5; Borsplate
vir Donkies (lig) 6/-; Swaar 9/6; Borsplate
vir Voormuile f1-6-0; Agter f1-8-6.

K.M.B. Onmiddellike aflewering op ontvangs
van Bestellings. Tevredenheid gewaarborg.
Geen K.B.A. aflewering.

Volkskoper Mark Beperk, Wolbaterstraat 62,
Newtown,
JOHANNESBURG.

VRIEND VAN DIE BOERE

DIE GEARING
WINDMEUL

Vervaardig in Suid-Afrika
sedert 1906.

Olie-sisteem onfeilbaar.
Loop in die sagste windjie.

BESLIS DIE STERKSTE WINDMEUL OP DIE SUID-AFRIKAANSE MARK.
Elke Gearing Eienaar loof hierdie Produk.


Moet nie vals besparing be-oefen nie — koop die beste Windmeul teen die
billikste prys!

GEARINGS BPK.

Posbus 869.

CALCUTTA-HUIS (Tweede Vloer)
H/v. Loveday- en Andersonstraaie,
JOHANNESBURG.

Foon 34-2157.



ASTRANTE KOMMUNIS. TIESE BLAADJIE

Kaapstad se rooi blaadjie, The Guardian, is in sy jongste uitgawe danig woordryk oor die „O.B.-kwaadstokers”. Die blaadjie spot eers, dan waarsku hy die werkers, en eindelik verdraai hy feite. Hoe stuitig en onbeholpe sy aanval ook al is, hierdie kommunistiese blaadjie is oënskynlik vasberade om die O.B. te skop en te slaan vir al wat hy word is. Die Afrikaanse Volksbeweging, die Ossewabrandwag, die O.B.-Arbeidslaer, en die leier van die Arbeidslaer — almal kom onder die vuur van hierdie rooi orgaan.

DIE O.B. SE MISDAAD

Die misdaad wat die O.B. in die oë van Suid-Afrika se kommuniste gepleeg het, was om die blanke werkers in ’n Germistonse klerefabriek te steun in hul stryd teen die base wat gepoog het om nie-blanke werkers te laat skaai op die eie-regte van die blanke werkers; en om die blanke werkers te hulp te snel ten aansien van die uit-tartende viktimisasie wat hulle van hulle eie vakbond, onder leiding van die kommuniste Sachs, moes ondervind, as straf vir hulle suksesvolle stryd teen die base.

Omdat die O.B., as die Afrikaanse Volksbeweging, sy steun toegesê het, gegee het, en nog gee aan die blanke meisies in hul stryd vir die handhawing van die kleurlyn; en dit gedoen het ten spyte daarvan dat die kommuniste gelykstelling tussen blank en nie-blank voorstaan; daarom het hierdie mondstuk van rooi agitاسie die vermetelheid om die Ossewabrandwag van „kwaadstokery” te beskuldig.

DIE KONTRA-KOMMUNISTIESE REWOLUSIE

Eers spot die blaadjie met die predikante wat dan sou „gebid” het vir die sukses van die meisies se stryd; dan word die werkers gewaarsku om tog niks met die „nazi”-O.B. en sy Arbeidslaer te doen te hê nie; eindelik kom die sinnelose verklaring dat die volksbeweging die werkers wil verdeel — juis wanneer die volksbeweging alle kragte inspan om die werkers in ’n hegte magsorganisasie saam te snoer.

In Suid-Afrika het die kommuniste nog altyd met praatsieke politieke partye te doen gehad. Hulle is baie oor-lams. Hoe openliker hulle hul onder-myningswerk onder die neus van die regering kan voortsit, en hoe meer veldm. Smuts geïmponeer word deur die Russiese Kolos, hoe wipperiger word hul.

Die Ossewabrandwag is rewolusionêr. Hy sal die anti-kapitalistiese rewolusie deursien; maar net so seker soos die son aan die hemel skyn sal hy ook die kontra-kommunistiese rewolusie seëvierend deurvoer.

„ROOILAND” DRA SY DEEL BY

Daar is seker maar min osse wat kan roem op die prestasie van Rooiland, die puik Afrikaners wat tot onlangs die eiendom van mnr. Hans Lombard, van Bedford was.

Rooiland was met die Ossewatrek van 1938 een van die span osse wat die poswa van Cookhouse na Botmasgat getrek het. In 1944 is hy op ’n vendusie te Bedford vir £43 verkoop. Mnr. Lombard het nog £7 by Rooiland se opbrengs gevoeg en ’n Vryheidswissel van £50 by sy plaaslike kommando uitgeeneem. Hierdie bedrag word vandag deur die Ossewabrandwag aangewend in die nasionale en sosiale vryheidstryd van ons volk.

In 1938 het Rooiland die eer gehad om die poswa te trek wat duisende briewe met die kameraadsgroete van ’n ontwakende Afrikanerdom oor die lengte en breedte van ons land besorg het. In 1944 help hy weer stoot aan die wa van die O.B. wat nie alleen die kameraadsgroete verder uitdra nie maar ook aan ’n ontwaakte Afrikanerdom sy oorwinning en welvaart gaan besorg.

Ons verneem verder dat twee van Rooiland se maats wat ook die poswa getrek het, tans besig is om gewig aan te sit sodat hul stootkrag agter die Sentrale Vryheidsofferfonds later des te groter kan wees.

PLUIMVEE
Die beste firma in
JOHANNESBURG
om u PLUIMVEE, EIERE, en ander produkte
aan te stuur is:
O. M. ELOFF en Eie, (Edms.) BEPERK.
Postbus 7185
MOREMARK, NEWTOWN

W. VOIGT (Eiens.) Ppk.
Fabrikante van
Kelder- en Besproeiings-
masjinerie.
Bus 10, .. HUGENOOT, K.P.

ONDERSTEUN!!!!
Poskantoor Haarkappers
Kerkstraat 173 - - - - - PRETORIA
vir
DAMES en MANS
Eienaar: NEEF HENDRIK VAN DER WALT

Daar is mense wat praat...

en daar is mense wat werk!

KOPERSBOND het na 3½ jaar harde werk

32%

dividend aan sy aandeelhouders uitgekeer!

As U in Kopersbond-aandele belê dan deel U in die profyte van een van die grootste groot-handelbesighede in die Unie, die grootste meubelsaak in die land, 12 kleinhandelsake, ’n kantoor-masjiene maatskappy, ’n finansiële instelling, ’n mansuïtrustersaak, ens.

**DIT IS ’N VERSPREIDE BELEGGING MET
VERSPREIDE RISIKO’S.**

2,800 beleggers het reeds aandele uitgeeneem tot ’n totale bedrag van £500,000.

’n Nuwe Uitgifte van £250,000 is nou oop vir inskrywing. Vra dadelik om Prospektus.

Die Kopersbond Beperk

SPOORBONDKASGEBOU, JOHANNESBURG.

Posbus 8363. Foon 33-8931.

Die Sekretaris,
DIE KOPERSBOND BEPERK,
Posbus 8363, Johannesburg.

Stuur my asb. ’n prospektus asook een van U brosjures.

NAAM

ADRES

DIREKTEURE:
DR. F. J. KRITZINGER.
DR. J. H. PIENAAR.
DR. F. F. BORCHARDT.
J. N. B. SCHABORT.
G. T. ROBERTSON.
DR. C. J. S. STRYDOM.
J. J. ACKERMANN.
DR. H. G. LUTTIG.
L. P. VAN ZYL HAM.
K. T. WILZ.

DIE O.B., WOENSDAG, 29 MRT. 1944

STERKTE EN SWAKTE BY BONDGENOTE

Geen oorlog, veral nie een tussen groot moondhede nie, geskied volgens plan nie. Oorwinning en nederlaag, sukses en mislukking volg mekaar gedurig op. Nie alleen die vyand nie maar ook 'n bondgenoot kan soms die eie planne lelik omverwerp. Die huidige oorlog is dan ook geen uitsondering nie.

Russiese Sterkte.

Die Bolsjewistiese Rusland is vandag sonder twyfel die land wat vir sy vyande groot onaangename militêre verrassings gelever het. Dit kan selfs beweer word dat Rusland onder die Geallieerdes die enigste mag is wat tot op hierdie tydstip op militêre gebied werklik groots gepresteet het. Die militêre prestasies van die Bolsjewiste sedert die slag van Stalingrad is bekend genoeg en verdien geen verdere kommentaar nie. Ook kan by hierdie geleentheid geen voorspellings oor die toekomstige verloop van die Russiese veldtog gewaag word nie. Vas staan egter dat Stalin self deeglik bewus is van die militêre prestasies van sy leërs. Vandaar die houding wat hy aanslaan teenoor vriend sowel as teenoor vyand.

Rusland en sy Bondgenote.

Die wêreld is al gewoon daaraan dat Stalin keer op keer sy bondgenote in verleentheid bring. Die wêreld is ook al gewoon aan die lankmoedigheid waarmee in Washington en Londen 'n goedge en futiele verbasing uitgespreek word wanneer Stalin hulle telkens, sonder raadpleging of inligting soos dit onder bondgenote behoort te wees, voor voldonge feite plaas. Dit is bekend hoe Stalin diplomatieke betrekkinge afgebreek het met die Poolse vlugtelinge-regering in Londen wat onder Britse beskerming staan, ongeag die verleentheid waarin hy sy Britse bondgenoot geplaas het. Dit is ook bekend dat Stalin besluit het om die oostelike deel van Pole by Sowjet-Rusland in te lyf sonder om Londen in die saak te ken. Ook het hy hom aan die kant van Tito in Suid-Slawië gestel tenspyte van Britse beskerming aan koning Petar en genl. Mikhailowitsj. Onlangs het 'n nuwe bom gebars toe uit Moskou aangekondig is dat die Sowjet 'n ambassadeur by Badoglio benoem het sonder om Washington en Londen in die saak te ken. By Stalin is daar geen soetsappige geklets oor oorlogse en na-oorlogse ideale nie. Bewus van die goed en bloed wat die oorlog Rusland kos en bewus van die militêre prestasies van die Russiese leërs, is dit die Moskouse realis nie te doen om vroompraatjies nie maar om koue werklikhede wat hy onomwonde as sulks wêreldkundig maak al trap hy ook op die tone van sy bondgenote.

Britse Swakte.

Daar is vandag nog altyd mense wat in die neentiende eeu leef toe Brittanje met die sterkste oorlogs- en handelsvloot in staat was om sy wêreldryk te stig en te beskerm en om wêreldpolitiek en wêreldhandel met sukses te dryf. Seeheerskappy was wêreldheerskappy. Sedert Brittanje reeds vóór die huidige oorlog sy seeheerskappy aan Amerika en Japan moes prysgee, het die noodsaaklike voorwaarde van sy wêreldheerskappy 'n dodelike knak gekry wat in sy oorlogvoering van vandag maar te duidelik sigbaar is. Nie alleen was die Britse seemag te swak om te verhinder dat waardevolle koloniale gebiede in die Verre Ooste verlore gegaan het nie, maar die hulp van die Amerikaanse seemag was noodsaaklik om te help red wat nog nie verlore was nie.

Dit is egter veral op land dat Britse militêre swakte gedurende die huidige oorlog 'n onderwerp vir kommentaar geword het. Dit is waar dat Brittanje nooit 'n eersterangse landmag was nie. By ingeligte kringe het dit dan ook geen verbasing gewek dat Britse troepe keer op keer van die Europese vasteland moes „Duinkerkerk" nie. Selfs die Brits-Amerikaanse oorwinning in Noord-Afrika waar die stryd in hoofsaak teen Badoglio-agtige Italiane en Darlan-Franse gevoer is, het van Brittanje geen landmag van groot betekenis gemaak nie. Die Badoglio-kapitulase en die gevolglike Brits-Amerikaanse landing op die „soft under-belly of the beast" het vir menigeen die langverwagte inval in Europa beteken. Britte en Amerikaners immers beskik tog oor genoeg mense- en oorlogsmateriaal

en ook oor genoeg skepe veral na die uitskakeling van die Franse en Italiaanse oorlogsvloot in die Middellandse See. Wat meer is, die Duitse militêre mag is voltyds besig gehou deur die Russiese Kolos. En tog het die hoopvolle Brits-Amerikaanse landing in Italië gedurende die laaste maande ont-aard in 'n Italiaanse gesukkel.

Cassino en Anzio.

Die bloedige gevegte by Cassino en by die Anzio-kushoof gedurende die laaste maande sal in die moderne oorlogsgeskiedenis 'n merkwaardige plek inneem. Hier is bewys gelever dat ongeëwenaarde bombardemente uit die lug en deur swaargeskutte nie altyd in staat is om die weg vir die eie infanterie oop te skiet nie. Geen wonder dat Stimson, Amerikaanse minister van oorlog, sy mense daaraan moes herinner dat „die gehalte van die Duitse verdediging in Cassino 'n nugtere waarskuwing behoort te wees van die krag van die vyand". Die gebeurtenisse by Cassino en die Anzio-kushoof kan ook onaangename voortekens wees van wat daar vir die Geallieerdes wag as hulle die Appenynse noord van Rome of as hulle die Alpe bereik, of as die noodsaaklike inval in Wes-Europa gedoen word.

Die Angel-Saksers se gesukkel in Italië en die Russiese suksesse aan die oostelike front herinner aan die woorde wat veldm. Smuts verlede jaar in sy „ontplofbare" Londense toespraak geles het. Soos bekend het hy 'n ryk Amerika, 'n arm en swak Brittanje en 'n Russiese Kolos in die vooruitsig gestel. Of is die gesukkel in Italië en die gedraal met die oprigting van 'n tweede front 'n poging van die Angel-Saksers om die Russiese Kolos te uitloer? Dit lyk of Moskou soms so dink.

DIE K.G. SÊ:

Die Ossewabrandwag is die mees rewolusionêre kern wat die Empire nog in die Afrika-nerdom gesmee het.

VERJAARDAGKETING

30 Maart: Tokkie Vorster, Pearston; Jacobus Westraat, Kirkwood; Merlene Wagener, Kirkwood; Sannie Moolman, Strandskloof.

31 Maart: Gielie van Wyk, Stellenbosch; Anna Potgieter, Kirkwood; Freda Potgieter, Kirkwood; Johannes M. Voges, Stellenbosch; Andries Ch. van der Byl, Kaapstad.

1 April: Rita C. Wolmarans, Karredouw; Maria Duneker, Kakamas; Hermanus Taliardt, Port Elizabeth; Susanna Lubbe, Pietersburg.

2 April: Roelie van Eck, Stellenbosch; Niekie van Wyk, Stellenbosch; Sarie van der Westhuizen, Kaapstad; Christina Lombard, Malmesbury; Dan Esterhuyse, Paarl; Engela P. D. Erasmus, Merweville; Christiaan Blom, Sutherland; Jacomina le Roux, Wynberg; Barend van Eck, Port Elizabeth; Heinie Esbach, Tiervlei; Betty J. Mostert, Port Elizabeth; Louis R. Smith, Modder-Oos.

3 April: Bertie Lotze, Paarl; Willem Nel, Wilgenhoutsdrift; Jan Slabbert, Hugenoot.

4 April: Kosie Steyn, Stellenbosch; T. B. Kleynhans, Paarl; Helena Coetzee, Pearston; Danie Venter, Tarkastad.

5 April: Susanna S. Nel, Kirkwood; Elise Schoeman, Pearston; Roelof D. Coertze, Stellenbosch.

ROMMELVERWERKING:

● Ou toortsbatterye maak goeie stoofpolt-toer. Die binneste word gebruik.

TREK SAAM DIE LAER!

- 44/1 Ongekende industriële ontwikkeling kenmerk ons eeu.
- 44/2 Die Afrikaner het sy gewig ingegooi op 'n sielkundige tydstip om 'n onwrikbare houvas op die industrie van sy land te kry.
- 44/3 Span in en trek saam die laer om ons industrie!
- 44/4 Geniet die sekuriteit wat spruit uit 'n gesond opgeboude meubelindustrie.
- 44/5 Skryf om ons brosjure en oortuig uself van die winste wat aandeelhouders op hulle belegde geld verkry.

'N TUSSENTYDSE DIWIDEND VAN 4% VIR DIE HALFJAAR GEEÏNDIG 31 DESEMBER 1943 IS REEDS UITBETAAL.

TREE IN VERBINDING MET EEN VAN DIE ORGANISASIEKANTORE

van

EXCELSIOR MEUBELS BPK.

Hoofkantoor: De Villiersstraat 15, Johannesburg, Posbus 6670.

Kaapstad: Kamer 614, Groote Kerkgebou, Posbus 2996.

Bloemfontein: Maitlandstraat 68, Posbus 718.

Volksregering

Die strewe van die Ossewabrandwag, soos dit ook saamgevat word in sy leuse: 'n Gesagstaat, nasionaal en sosiaal van aard, is om die volk met mag te beklee sodat hy baas kan wees in sy eie huis.

In die parlementêre staat waarin ons tans voortsukkel, word die mag periodiek verower deur mededingende sekties van die „volk", wat hulleself vooraf georganiseer het in politieke partye. Die „volk" waarvan hier sprake is, sluit in alle „stemgeregtigdes" — wat in ons land beteken naturelle, kleurlinge, asiatische en jode, sowel as blankes. Hierdie partye oefen die mag uit in belang (1) van hulle eie professionele politici, wat moontlik jarelank uitoorlê het om aan bewind te kom, en hulle dan tydens hul ampstyd vil vergoed vir die voorafgegaane gesukkel;

(2) van die mynbasede, wanneer die party uit hierdie oord geldelike steun gekry het, moontlik tydens 'n verkiesing;

(3) van die nywerheidsbase, wanneer die geld hiervandaan gekom het;

(4) van selfs die empire, wanneer die koning ge-eet het, of op dergelike wyse onderskei is in die „moederland";

(5) van 'n seksie van die volk, wanneer dit 'n egte partyregering is;

(6) of miskien in belang van al hierdie seksies saam, wanneer die partyhoof 'n baasknoeier moet wees.

Maar 'n party oefen die mag nooit uit in belang van die hele volk nie. Uit die aard van die saak is dit onmoontlik, want onder die partystelsel is 'n „Party" van die volk altyd in oorlog met 'n ander „Party" van die volk.

Die parlementêre staat het spreekwoordelik geword vir sy onverskilligheid en traak-my-nie-agtigheid teenoor die gewone mense, die breë lae van die volk, die sg. stemvee. 'n Party is gewoonlik te besig om na die pype van een of ander belangegroep te dans, en om kussings op die stoele van sy beroeps politici te sit om tyd te hê om hom oor die welvaart van die gewone man te bekommer. By verkiesingsgeleenthede moet een of ander set maar uitgehaal word, of een of ander kreet aangehef word, om die „stemvee" te „vang".

Die O.B. wil hierdie siniese en misdadige stelsel vernietig en dit vervang met 'n stelsel van volksregering.

Om dit te doen wil die O.B. die volk op organisiese wyse organiseer sodat die regeringsliggame die uitlopers van die volk se natuurlike lewe kan wees. Die gewone lewe van die volk, van elke volkslid, moet in die volk se regering weerspieël word. Die alledaagse lewe van die gemeenskap, en die vernaamste kringe waarin dit gevoer word, moet uitmond in die regeringsliggame van die volk. As die normale lewenskringe van die volk uitstoot tot in sy regeringsliggame dan verteenwoordig daardie regering die volk se lewe en as sodanig die volk.

Die Ossewabrandwag erken en beklemtoon vernaamlik twee lewenskringe, nl. die huislike kring en die arbeidskring.

Die O.B. organiseer die huisgesinne van die volk om die nasionale gesag te dra. Dit doen hy deur middel van sy kommando-organisasie. Die O.B. organiseer die arbeidsgemeenskappe van die volk om die sosiale gesag te dra. Dit doen hy deur middel van die organisering van al die bedrywighede of bedrywe van die volk, binne die raamwerk van sy Arbeidslaer.

Op hierdie twee bene staan die Gesagstaat, waarna die O.B. strewe en wat nasionaal, sowel as sosiaal van aard is.

Die mag of die gesag word geplaas in die hande van die vader en van die broodwinner. Dit is die grondslag van die O.B. se stelsel. Om dit in werklikheid om te sit word die vaders en die broodwinners georganiseer in die volksbeweging.

So wil die Ossewabrandwag, die Afrikaanse Volksbeweging, 'n Eenheids-volkstaat uitbou, waarin die volk, en niemand anders as die volk nie, met gesag beklee sal wees.

In die Parlementêre Wandelgange

Soos ons lesers seker darem sal weet is die eerste sitting van Sy Majesteit se negende Suid-Afrikaanse parlement nog aan die gang. Na aller verwagting loop die sitting nou egter snel ten einde en lykskouings oor die ampergestorwe sitting is reeds aan die orde van die dag. Dit is bekend dat die parlementêre wandelgange meer skinderstories, flusterberigte, knoelery, en uitoorlery oplewer as enig ander oord in die land. Hierdie bedrywighede is tans in volle swang en in die wandelgange heers daar 'n drukte soos in 'n miernes voor 'n donderstorm.

Mompel en Brom

Die O.B. het lankal en dikwels daarop attent gemaak dat tydens hierdie oorlog 'n ontwikkeling of agteruitgang sy beslag gekry het, wat van deurslaggewende belang vir die toekomstige organisasie van ons volk gaan wees. 'n Proses is jarelank al aan die gang waardeur die parlementêre mag gesurpeer word deur die amptenare en die kous van die regerende party. Tydens hierdie oorlog en met die invoering van regering by noodregulasie het die parlement alles behalwe die skyn van mag verloor. Baie lede van die huidige parlement het hierdie waarheid tydens hierdie sitting uitgevind en in die wandelgange word daar gemoep en gebrom oor die vernederende en magtelose posisie waarin die land se verkose wetgewers hulle bevind in die land se hoogste wetgewende vergadering.

Ministers Hooghartig

Lede is veral gebelgd oor die wyse waarop ministers uit die hoogte op hulle neersien en hulle kritiek, sonder ernstige oorweging, somar in die wind slaan. Veral het lede se wrewel uitgegaan na die eerste minister, en die ministers van finansies en spoorweë. Dr. Dönges het bv. „kragtig” protes aangeteken teen die wyse waarop die regering dr. Malan se mosie behandel het — die regering het die ding op onbeskofte wyse geignoreer. Dit is maar weer 'n voorbeeld van die wyse waarop die regering die parlement minag, het dr. Dönges verwyt. Ministers het oënskynlik in hierdie drukke tye waarin hulle hul werk moet verrig, nie die geduld om na die propaganda, en praatjies van lede in die Huis te sit en luister nie. Vandaar die oënskynlike minagting. Onder dit alles voel die lede egter dat hulle vyfde wile aan die wa is en vandaar hul kiewelrigheld.

Doenigheid in die Wandelgange

Hoe dit ook al sy, die parlement het sy prestige en sy mag verloor. En lede voel dit. Hierdie sitting van die parlement het absoluut geen invloed op die bestuur van die land uitgeoefen nie — en die parlement is kastig die hoogste bestuurlike liggaam van die volk. Die parlement kon net so goed 'n kongres gewees het, bestaande uit nie-betaalde afgevaardigdes, wat êrens in 'n minder gerieflike saal en onder minder luukse omstandighede, gesit en babbel het. Vir die volk sou dit geen verskil gemaak het nie. As kompensatie teen die barheid van die raadsaal moet die bedrywighede in die wandelgange dien. Oor die waarde van die doenigheid in die gange wil ons nie uitwies nie — ons gee dit maar vir wat dit werd is.

Die Herenigde Party

Die huishoudelike sake van die Herenigde Party word druk bespreek. Eerstens word die verdeeldheid in die party benadruk en gewys daarop dat daar twee groepe bestaan; die een groep wat wil voortbou op partysentiment en die afskilferingstradisie van dr. Malan; en die ander groep wat al hul kragte wil ingooi agter 'n sosiaal-demokratiese ekonomiese beleid. Die posisie van dr. Malan is ook onder die vergrootglas. Op die oomblik meen heelwat waarnemers dat sy troon wankelend is, aangesien daar aanduidings is dat die geskiedenis homself herhaal en dat die „volksleier” deesdae ondermyn word, soos wyle genl. Hertzog vroeër ondermyn was. Meeste waarnemers egter meen dat dr. Malan en die H.N.P., ten spyte van alles, aan mekaar sal hang — al sal dit ook broekskeur gaan en desnoods nog 'n bietjie meer afskilfering vereis.

Arbeidersparty en Dominioniete

Wat die Arbeidersparty en die Dominioniete van kol. Stallard betref, stem die „ou koppe” saam. Geeneen van die twee verteenwoordig 'n georganiseerde seksie van die volk nie, en albei sit op genade van die Verenigde Party in die parlement. Hulle toekoms is eenvoudig 'n kwessie vir manipulasie. As sulks is hulle vandag gladnie ter sprake nie.

Die Verenigde Party

Die „slim mense” maak hul oë styf toe as hulle oor die Verenigde Party praat — en dan loer hulle vir jou deur 'n klein venstertjie in die linker oog. Die hele gebaar moet bedule dat die party van veldm. Smuts grootse moontlikhede van verbokkeling inhou; so groot en moontlikheidsryk, dat mens nie eintlik hard daarvoor moet praat nie. Daar is eerstens die nader tussen Hofmeyr en Steyn. Steyn se aandeel was eers hoër as Hofmeyr s'n, maar tans is albei s'n onder parie. Die mees skouspelagtige styging van aandeel in die jongste tye het trouens plaasgevind t.o.v. van Hendrik van der Byl, amptenaar en nie-parlementaris, hoof van Iskor, en die man wat die reputasie het, dat hy soveel meer weet as ministers dat hy hom nog nooit aan hulle gesteur het nie. Dan is daar die nyweraars wat bitter ontevrede is oor Jan Taks se oorwinstelasting. Die boere voel hulle word veronreg en die verbruikers ingelyks. Die soldate lyk stuurs oor die toekoms, en die tuisfront organisasie, die Springboklegioen, hol op en af in die wandelgange in 'n poging om erkenning te kry om amptelik namens alle soldate te kan praat. Die Kamer van Mynwese is ook buie-ryg. Sy arbeiders wil meer geld hê, omdat die lewenskoste so verskriklik gestyg het, en die toekoms van goud is onseker in 'n „mal” wêreld wat al meer en meer praat van arbeid as die basis van sy ekonomiese lewe. Om alles te kroon staan die gewone „stem-vee” van die Verenigde Party verbysterd oor die party se erkenning dat „social security” nie praktiese politiek is nie.

Bespiegelings oor Toekomstige Kombinasies

Met al die moontlikhede van verbokkeling is die jongste tydverdryf in die wandelgange bespiegelings oor moontlike toekomstige partypolitieke kombinasies. Al die „koppe” hou rekening met 'n Goudkombinasie en daarteen 'n Industriële-blok. Die gedagte is dat lede van die verskillende partye, sonder inagneming van hul huidige party-lojaliteite, kant sal kies vir een van die twee groepe.

Ander praat weer van 'n stad vs. platteland konstellasie, maar dit vind nie veel byval nie. Die „alwetendes” wys daarop dat die platteland finansieel nie kan opweeg teen die stad nie.

Hierdie toekomstige verbeeldings-kombinasies en nog ander, wat ons nie eers noem nie, word in baie fyn besonderhede uitgewerk, met leiers en aanhangers gespesifiseer. Ons wil nie hierop ingaan nie. Ons noem maar net die feit van die bespiegelings.

Iemand in die buiteland het eendag gesê dat regerings dikwels saamgeflans word in die parlementêre wandelgange. As dit van Suid-Afrika in die verlede waar was, wil ons die vurige wens uitspreek dat dit nooit weer in die toekoms waar sal wees nie.

Wil partypolitici dan nie verstaan dat 'n regering gevoer moet word in belang van die volk as geheel nie en nie in belang van een of ander belangegroep nie!

Ons wil voorspel dat daar net een kombinasie is wat in die toekoms die regering in ons land sal voer, en dit is — die kombinasie van die volk, m.a.w. die Afrikaanse Volksbeweging.

DIE NUUTSTE IN DAMES-FELT-HOEDE

en WINTERJASSE

by



PAROW

DIE MODERNE DAMESMODISTE.

MEUBELS

PRYSE STYGO VINNIG.

KOOP NOU!

ONS HOU ALLEENLIK GOEIE KWALITEIT MEUBELS IN VOORRAAD.

Werda Meubelhandelaars
(Eiendoms.) Beperk.

Grootte Kerkgebou, KAAPSTAD.

Posbus 210.

Foon 2-6806.

ONDERSTEUN ONS ADVERTEERERS

O.B.-OFFISIËRE EN BRANDWAGTE, AANDAG!

WAPENSKOU

bied sy dienste aan u as voorligtingsorgan n.m.b.t. dienslaer- en studietoeronderwerpe, sowel as m.b.t. ander volkswaagstukke. Die K.G. 86 van Wapenskou: „Wapenskou, die amptelike orgaan van die Afrikaanse Nasionale Studentebond, stam uit denkende kringe van jong Afrikaners wat trag om helderheid te vind en te versprei. As sodanig verdien dit die noukeurige aandag van die strydende geleerde.”

WAPENSKOU

verdien 'n plek in elke Afrikanerhuis. Teken onmiddellik in by: Die Uitgewers, Wapenskou, Bus 28, Stellenbosch. Die intekengeld is 5/- vir 4 uitgawes per jaar.

'N JONG AFRIKANER SKRYF AS VOLG:

„Al my suksesse skryf ek toe aan die eerste klas lesings wat u Kollege aan die verskillende Helpmekeer-studente verskaf. Ook help die dosente mens baie vorentoe op die pad van suksesse.”

MEER AS 200 KURSUSSE

Die Helpmekeer is die enigste sulwer opvoedkundige Afrikaanse Korrespondensie-Kollege in Suid-Afrika.

Pos die Koepon nog vandag vir gratis besonderhede asook vir die pamflet: „'N BOODSKAP AAN U.”

DIE BESTURENDE DIREKTEUR,
Helpmekeer-Korrespondensie-Kollege,
Posbus 3512, Voortrekkergebou,
JOHANNESBURG.

Stuur my asseblief besonderhede omtrent u Korrespondensie-Kursusse.

Ek stel belang in _____

Naam _____

Adres _____

(O.B., 29 Maart 1944)

Besturende Direkteur: Dr. H. G. Luttig, M.A. (S.-A.), D.Litt.
et Phil. (Leiden).

HELPMEEKAAR-KORRESPONDENSIE-KOLLEGE

VOORTREKKERGBOU 310, HOEKSTRAAT 18,
JOHANNESBURG

POSBUS 3512

FOON 22-3512

Geklassifiseerde Advertensies

TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:

Handeladvertees: 3d. per woord, minimum 6/- per plasing.
 Persoonlike Advertees: 2d. per woord en 6d. vir elke onsonderlike verareël — minimum 4/- per plasing. Adverteeslede is streng vooruitbetaalbaar. Stuur advertensies aan Voorslag Edms. Bpk., Posbus 1411, Kaapstad.

INTERENGELD. (Streng vooruitbetaalbaar).
 Deur Kommando: 6/- per jaar, 3/- per halfjaar.

Nie deur Kommando maar direk by Voorslag Edms. Bpk.: 10/- per jaar, 5/- per halfjaar.

Adresveranderinge: 1/- per adresverandering.

GEBOORTE

DU PLESSIS.—Aan mnr. en mev. Wille du Plessis, Sentrale Garage, Paarl, 'n fris dogter, op 15 Maart. Albei wel. Naas die Heer dank aan geneesheer en verpleegsters.

KUHN.—Aan mnr. en mev. W. A. Kuhn, Tweelingspan, Prieska, 'n fris boerseun, op 15 Maart. Naas die Heer dank aan dokter, susters en verpleegsters.

VERLOWING

MULLER-BEDEKER: Veldkornet P. D. Muller, Esperance, Sutherland, maak bekend dat sy dogter Bessie verloof is aan Maans, seun van mnr. en mev. Bedeker, Aanstoot, Laingsburg.

HUWELIK

KRIEL-FISCHER: Mnr. en mev. Leslie Fischer, Groenland, dist. Stellenbosch, maak bekend dat hul enigste dogter, Antoinette en Piet Kriel van Rondebosch, D.V. op die 18de April 1944 om 3 n.m. in die Groote Kerk, Kaapstad in die huwelik tree.

STRAUSS-DU PLESSIS: Ons, Lily, dogter van mnr. en mev. J. A. du Plessis, Wellington, en Frikkie, seun van mev. en wyle mnr. J. A. Strauss, Tiervlei, vroeër van Calvinia, maak aan familie en vriende(inne) bekend dat ons trou (D.V.) Saterdag, 29ste April 1944 om 3 n.m. in die N.G. Kerk Wellington. Gelukwense en telegramme P/a mnr. B. Niehaus, Stasieweg, Wellington.

DOODBERIC

DU TOIT.—Plotseling oorgeplant na die hemel, ons lieflike eggenote en moeder, Adolina Fransina du Toit (Smith) op 10 Maart. Ons swyg stil o Heer, dit was u wil! Die bedroefde Vader en kinders, Kromdam, Wepener.

HUGO.—Skiedlik is brandwag Lukas Cornelius Hugo (Aple) in die ouderdom van 57 jaar en twee maande, deur sy Hemelse Meester tot hoër diens opgeroep. Hier op aarde was hy 'n blymoedige gewer en met 'n glimlag is hy heen. Sy plek is leeg. Sy treurende eggenote M. Hugo.

VERJAARDAGWENS

GIDEON KOTZE, ontsnapte, tans voortvluggend, jou moeder, susters en broer, wens jou van harte geluk met jou verjaardag en 'n veilige toekoms. Hou moed en hou Koers.

BENODIG

DADELIK benodig jong ongetroude Afrikaner (17-25 jaar) om met jakkalsbonde te werk en te jag. Salaries £5 per maand en 2/6 vir elke jakkals wat gevang word. Losies vry. Skryf aan of kom sien W. J. Viljoen, P.K. Voorslag, Rawsonville. Foon 1931.

ONDERWYSERES benodig vir beginner. Goewernements-sillabus. Vry inwoning. Salaries £10 per kwartaal. Musiek 'n aanbeveling. Namate kwalifikasies kan salaris later verhoog word. Onderwysers mag ook skoolgaande kindjie hê — vry inwoning vir albei. Applikasies met getuigskrifte en kwalifikasies aan L. Fourie, P.K. Sheridan Hall, Fouriesburg.

PERSOONLIK

DIE EERSTE EGTE AFRIKAANSE AFSLAERSBESIGHEID.—Venduesies word enige tyd op enige plek gereël. In ons vendusie lokale word artikels ook enige tyd uit die hand verkoop. Ons is ook Eiendomsagente en reël verbande. Afrikaanse Nasionale Afslaaers en Agentskap Maatskappy (Edms.) Bpk., Sanlam-Gebou, Pretoria. Foon 2,1360. — Posbus 515.

HERHOLDT so BOOMKWEKERIE, Posbus 660, — Johannesburg.

Ons voorrade van Vrughtebome en Rose was vroeg uitgeput die afgelope Plant-seisoen, ons simpatiseer met die van ons kliente wie se benodigdhede ons nie kon voorsien en gee u die goeie raad om nou u bestelling te plaas vir 1944 Winterplantseisoen, u is dan eker van u gelleefkoosde soorte super-gehalte bome, betroubare diens en tevredenheid! Sierstruik, Uitlandse bome, Palms en Heiningplantte beskikbaar vir Sommer-Planting. Geflusterde Kataloos en Plantgids gratis aan planters. (1)

Uitgegee deur Voorslag (Edms.) Bepers, Kamer 703 Groote Kerkgebou, Adderleystraat, Kaapstad, en gedruk deur Pro-Ecclesiastika-Drukkery, Die Laan, Stellenbosch.

POTCHEFSTROOM

F. GELDENBUYS, Kerkstraat 172, Potchefstroom, Foon 130. Grofsmid, hoefsmid, elektriese en suurstofswaai, punte aan ploegskare en motorbakwerk. Reparasie 'n spesialiteit. Alle werk gewaarborg.

W. J. Grobbelaar — Dames en Here Haarkapper. Permanente haargroeiing. Handelaar in Tabak en fantasiegoedere. Agente vir die beroemde Election-horlosies. Kerkstraat 92, Potchefstroom. Foon 330.

HELPMEKAAR Slaghuis. J. W. Wentzel, h/v. van Welligh en Tomstraat, Potchefstroom. Reeds jarelank bekend vir goeie diens en kwaliteit. Telefoon 616.

G. J. OLIVIER, h/v. Berg en Wolmaransstraat, Potchefstroom. Algemene grof- en hoefsmid. Probeer my vir ploegskaarpunte. Deeglike en billike werk.

POTCHEFSTROOM Algemene Begrafnisfonds. Begrafnisondernemers Kontrakteure: Breytel en Seun, Kerkstraat 11, Foon 210. Die enigste onderlinge begrafnisonderneming in Transvaal. Subskripsie 1/6 per maand. Deeglike werk gewaarborg.

POTCHEFSTROOM Handelaars (Edms.) Bpk., Posbus 51, Telefons 250 en 159. Die alom bekende en betroubare algemene handelsbesigheid. Direkte Invoerders, Landbougereedschap en Besproeiingsbenodigdhede by die Potchefstroomse Koöperatiewe Handelsvereniging Bpk, Foon 626.

SENTRAAAL Haarsnyers. Elenaar J. J. Brits. Haarsny, skeer, shampoo ens. Boere besoek ons vir deeglike werk. Kerkstraat (net langs Rendezvous Café).

STANDER se Kole, Wolmaransstraat 45, Potchefstroom, Foon 386, vir hoë gehalte huiskole, smidskole, autrasiet, vroeë hout. Persoonlike aandag en onmiddellike aflewering. Pryse redelik.

SUID Slaghuis. A. P. v. Wyk. Afrikaners van Potchefstroom ondersteun die Suid Slaghuis. Alleen die beste kwaliteit vleis word verskaf. Gelewer enige deel van die dorp.

WES-TRANSVAALSE Vendo-atlaers. Direkteure: P. A. v. d. Bank, J. H. Oosthuizen. Venduesies van enige aard word onderneem. Plase te koop ens. Kommissie en algemene agente, Kerkstraat 88, Potchefstroom, Foon 487.

F. ZEILER, Potgieterstraat 40 Potchefstroom. F. Telefoon 344. Verf van alle soorte. Spuitmiddels vir insekte soos tamps, weerluse, vlieë ens. Dieproefdraad vir vensters. Gewaarborgde diens.

PARWOOD EIENDOMS-AGENTSAP

VOORTREKKERWEG 58, Bus 46, PAROW.
 Foon: Kullisrivier: 19, 8-9 v.m.
 Foon: 9-8215, 9.30 v.m.—12.30 a.m.

TE KOOP

BRACKENFEL: Twee klein plasies van byna 3 morge met klein woonhuise, volop water; aan Paarl pad. Pryse billik. (Ref. No. BR4658 en BR4659).

KLIPFONTEINWEG: Klein plase van 3 morge met klein woonhuise en garage; aan hoofweg, naby bus. Baie lae prys. (Ref. No. 4668).

BELLVILLE: Groot viervertrekke sinkhuis op byna 4 erwe met twee strate aan kante; naby kerk en skool. Prys £750. Groot eerste verband. (Ref. No. BV4664).

PAROW: Twee klein maar gerieflik en netjies geboude huise met groot erf tussenin; na aan Voortrekkerweg. Totale prys £1,000. (Ref. No. PW4674).

PAROW: Groot gerieflike huis, 'n paar tree van Voortrekkerweg. Alle moderne geriewe; baie billike prys. Besit kan onmiddellik geneem word. (Ref. No. PW4667).

GOODWOOD: Groot 7-vertrek, teelak, netjiese moderne huis met alle geriewe en garage, by Vasco-stasie en naby Voortrekkerweg. Lieflike omgewing. Prys £1,900. (Ref. No. GW4665).

GOODWOOD: Groot 4-slaapkamer huis met 2 garages, netjies en sterk gebou, naby skool en kerk. Uitstekende omgewing. Prys £1,550. (Ref. No. 4666).

GOODWOOD (Modderdamweg): Klein plase met twee netjies geboude woonhuise (een enkel en een dubbelverdieping) met nog ander geboue. Uitstekende proporsie. Prys £4,500 altesaam. Eerste en tweede verband kan gereel word. 'n Egte kople. (Referensie No. GW4675).

By navraag noem alleen die Ref. nommer en **PARWOOD EIENDOMSAGENTSAP** kan u onmiddellik bedien met al die nodige inligting.

ONBEBOUDE GROND EN ERWE TE KOOP

Moet nie dat die dag wanneer u kan bou, (en wat nie meer ver is nie) u vang sonder u eie uitgesoekte en mees geskikte stukkie grond nie! Laat **PARWOOD EIENDOMSAGENTSAP** u dadelik help met u eie keuse van grond, hetsy vir die aanle van 'n pragtige klein plase of 'n lieflike groot erf, wat ons u kan kry in Tiervlei, op die teerpad en by die stasie. In Parow, na aan Voortrekkerweg. In Fairfield nege erwe. Baie billik. In Elsie'srivier na aan die hoofweg. In Bellville, Oorkale en Boston-Landboed, uitstekende erwe; om nie te praat van erwe in Mowbray, Plumstead, Muisenberg, Fischhoek, Norwood, Diepriet, Blaauwbergstrand, Gordonsbaai en Somerset Strand nie; Onthou die tyd om te bou staan ons voor die deur; moenie te laat wees met u erf nie!

Tot u diens,
PARWOOD EIENDOMSAGENTSAP.

OP ONSE EIE SPORTSVELDE

Die ontstaan en wonderbaarlike prestasies van die jeugdige Wes-Kaaplandse Rugbybond, wat tans sy tweede seisoen tegemoet gaan, is 'n inspirerende voorbeeld van wat Afrikaner-vasberadenheid tot stand kan bring. Hier sien mens 'n voorbeeld van die ontwikkeling van die Afrikanerdom wat in die jongste jare besig is om homself op alle gebiede te mobiliseer teen alles wat skadelik is vir die volk, op welke gebied ookal.

Op sportgebied is dit veral waar van die voetbal en die atletiek van Suid-Afrika, — vir die suiwer handhawing waarvan ons sportleiers in die afgelope jare die stryd moes aanknoop.

ATLETIEK

Eerstens is daar die twee jaar-oue Afrikaanse Atletiekbond. Hierdie eerste suiwer Afrikaanse sportbond het onder leiding van die A.N.S. in die noorde ontstaan. Onmiddellik het vooraanstaande Springbokatlete hul volle gewig daarby ingewerp, met die gevolg dat reeds twee uniale byeenkomste vir atlete van ons universiteite en kolleges gehou kon word.

Vanjaar hoop die Atletiekbond om 'n hoogtepunt te bereik wanneer sy jaarlikse byeenkoms op die pragtige nuwe Coetzburgse baan in Stellenbosch plaasvind. Die voorlopig bepaalde datum vir hierdie byeenkoms van die keur van ons studente-atlete, is 6 Mei.

VOETBAL

Op die gebied van rugby het die Oos-Kaaplandse Rugbybond in Port-Elizabeth en omgewing die voortou geneem; en verlede jaar was die Afrikaanse voetbalgeesdriftiges van die Westelike Provinsie verplig om teenoor die Western Province Rugby Union die **Wes-Kaaplandse Rugbybond** te stig wat in sy eerste seisoen sulke opspraakwekkende resultate behaal het. Hierdie twee rugbybonde is gebore uit 'n verset teen die pogings om die bestaande rugby-unies of te verengels of amptelik te verbind met aangeleenthede van die oorlogspoging.

Die kenmerk van hierdie verset is dan ook dat ons sportleiers graag 'n gees van onderlinge vriendskap en vertroue onder die jeug van S.A. op die sportveld wil bevorder, maar be-

TE KOOP

BESTE kwaliteit Heuningtee: 93 pond 18/6 50 pond 10/-; 25 pond 5/6. Elese-Besems met steele 2/- Besems vir hushoudelike gebruik 1/6 met steele. Gelewer Bushalte, Speelmanstraat, George. K.M.B. J. P. Wagenaar, Klip Rivier, P.K. Speelmanstraat, George.

DIE volgende eersteklas ulesaad: Vroeë Kaap plat geel 7/6 per pond; Australiese bruin 6/6 per pond; Spaanse bruin 6/6 per pond; Kaapse geel (stroof kleur) 6/6 per pond. Koop regstreeks van die kweker en ondersteun julle mede-Afrikaner. Gert van Rooyen, Bus 41, Unifondale.

KOOP DIREK VAN DIE BOER. — Kaapse geel of stroof ulesaad teen 5/6 per pond en Australiese bruin teen 6/- per pond. Goedgekeur volgens Goewernements Sertifikaat No. 0070 en gesertifiseer as gesond, vry, goed en skoon. Ook lusernasaad, gesond en mooi teen £7-7-6 per 203 pond. Uiebolle, Australiese bruin en Kaapse geel teen 14/6 per mud. Kontant met bestelling. D. M. v. d. Walt, P.K. De Rust, Dist. Oudtshoorn.

KOLJANDER en Wortelsaad direk van die produsent. 3 Pond pakkie Koljander oor die pos 3/6; 100 pond sak V.O.S. £3-15-0 K.M.B. Gemaal 5/- ekstra. Ook SHANTENY wortelsaad 1/- per ons; 10/- per pond oor die pos. P. W. Kloppers, Paul Krugerstraat, Robertson.

MISSTOWWE. — Ons bied aan gemaalde Karoomis teen 42/6 per ton, gelewer Uniestasies. 50-50 mengsel teen 55/- per ton, gelewer Uniestasies. Ganna loogas vir soutlek. Die beste soutlek teen geïsoleer en haardwurm teen 20/- per sak, V.O.S. ons laai-stasies. Kontant met bestelling aan Nasionale Kaap Misstowwe, Posbus 27, Langlaagte, Tvl.

MEUBELS. — Besoek of skryf aan die saak waar u waarde, diens en tevredenheid kry. Petra-Meubels Bpk, Sentraalstraat 226, Pretoria. Posbus 1356. Foon 2-0194.

VANS CONCRETE PRODUCTS. — Terazzo, Kombuis- en handwasbakke, badens, sepietse tenks, pilare, vloertels, voertroe. Enigets in beton. Direkteure: P. W. en P. G. van Heerden, Potgieterstraat 384, Pretoria.

Raadpleeg Benadé vir die koop en verkoop van huise, plote en plase in Bloemfontein en distrikte. Geld beskikbaar teen lae rentekoers. J. G. Benadé, Sasbankgebou, Bloemfontein.

SPEELSKIE. Bottelskele teen 3/9. Vierkantige koppe 4/6. Koos Botha, P.S. Serpentine, Dist. George.

slis weier om enige kompromie te duld met onigets wat met 'n suiwer nasionale strewe, ook op sportgebied kan bots. Dit is per slot van sake die gedagte wat, bewus of onbewus, agter hierdie bonde lê. „Om ons rugby uit die politiek te hou” is min of meer die uitgesproke strewe van die Wes-Kaaplandse Bond; die saak het egter ook sy positiewe sy, in soverre vir die Afrikaner daarmee ten minste die kans gewaarborg word om ook op die sportveld Afrikaner te kan wees.

Die werk van die leiers van die Wes-en Oos-Kaaplandse Bonde verdien dus alle lof. Die eerste oorwinning is reeds behaal, en hulle wat ons voetbal aan oorlogsake wou vasknoop, pluk reeds die wrange vrugte van hul pogings.

DIE WES-KAAPLANDSE RUGBY-BOND

Hierdie Bond het verlede jaar in sy eerste seisoen werklik skitterende prestasies behaal. Saam met Oos-Kaapland en Boland het Wes-Kaapland deurgaans spel uit die hoogste rakke gelewer, en onder die uitstaande leierskap van George van Reenen het sy span soms voetbal van byna internasionale gehalte gespeel.

Daarmee is voetbal, ons volk se „nasionale spel”, vir die Afrikaners van Kaapland gered. En ons voetbal-publiek was nog nooit geesdriftiger en gelukkiger as juis verlede jaar op die pawiljoen van Coetzburg en ander velde van hierdie rugby-unies zie, waar daar so 'n uitstekende Afrikaanse gees geheers het.

GROOTE SCHUUR

Die nuwe seisoen wat op hande is, belooft, na ons van alle kante verneem, om al die klubs van Wes-Kaapland op nog groter sterkte te sien. Veral is

OFFISIERE, AANDAG!

Hoofgeneraals, generaals, hoofkommandante, kommandante en alle ander offisiere, vroue sowel as manne, verbonde aan eenhede van die Ossewabrandwag, word versoek om, sonder versuim, berigte en verslae van alle bedrywighede, sametrekkinge en funksies van hul afdelings aan Die Redakteur, Die O.B., Posbus 1411, Kaapstad, te stuur. Hulle word ook versoek om kennis te gee van alle gebeurtenisse wat mag plaasvind, of van situasies wat mag ontstaan, wat van belang mag wees vir die lesers van Die O.B.

dit verblydend om te kan verklaar dat dit ook die geval gaan wees met daardie „wonder”-klub, **Groote Schuur** — vindmekaar van al die Afrikaanse studente van U.K. wat voetbal in 'n gesonde Afrikaanse gees wil speel.

Van hierdie doelbewuste groep studente se prestasies verlede jaar kan mens skaars met te groot lof praat. Hulle het die moeilikste stryd gehad om te stry; hulle het geen werklike veld tot hul beskikking gehad om op te oefen nie; en tog, onder die inspirerende leiding van Fanie van der Spuy het hulle van krag tot krag gegaan en goeie voetbal gespeel in die beste gees. Toe hulle uiteindelik as eerste wenners van die nuwe liga tevoorskyn tree, het al die ander klubs hulle die eer gegun en saam met hulle gejuig.

Op die voorpunt in die stryd op die sportveld teen alles wat onnasionaal en in dié sin ook skadelik vir die nasionale sport is, word hulle in die nuwe seisoen seer seker vergesél deur die beste wense van die Afrikaanse sport-wêreld.

So vertrou die Afrikanerdom ook dat die hele Wes-Kaaplandse Rugbybond, onder die bekwaame leiding van dr. E. T. Stegmann, dr. R. W. Wilcocks e.a., vanjaar weer standhoudend leiding gaan gee in belang van ons nasionale sport en strewe.

Finland

Volgens berigte van oor die water het die regering van Finland, daardie klein landjie wat al soveel jare teen Sowjet Rusland veg, die vredesterme wat sy reuse-teenstander hom aangebied het, verwerp, en homself opnuut omgord vir die stryd teen die Kolos.